VRIENDE VERENIGING VAN CERES TOGRYERS MUSEUM

VRIENDE NUUSBRIEF

Tel: (023) 312 2045 E-pos: togryersmuseum@gmail.com

MUSEUM DAE

- **18 Februarie– Voorlees-werkswinkel**
- **18 Mei - Internasionale Museumdag**
- **18 Julie— Mandela Dag**
- **9 Augustus— Vroue Dag**
- **September - Erfenismaand**
- **25 November— 16 Dae van Aktivisme**
- **1 Desember— Herdenking van die Slawe Vrystelling**

KAROO STAP

" Ou Trekpad"

- 25-27 September

- Bespreking by ngopdieberg@land.co.za

———————

PRE-VAKANSIE PRET

Spesiale projek vir leerders van Dagsorgsentrums

8—11 Junie 2020

Bespreek by 023-3122045

VOORSPOEDIGE 2020

Vertrou die nuwe jaar het vir almal mooi afgeskop en dat die res van 2020 voorspoedig sal wees. Die doel van die nuusbrief is om voorlopige jaarprogram deur te gee en sommer ook van die museum se aktiwitieite. Ons sien uit na 'n interessante program vir die Vriende en hoop ons dat soveel as moontlik Vriende die geleenthede sal bywoon. Dagboek dus betyds. Groete Marthinus de Villiers (Voorsitter)

Program

14 Februarie

Informele uitstappie na Hamlet se Meulhuis

14 Maart

Formele uitstappie na Verloren-vlei, Uitkoms en Matjiesfontein

17 Mei

Formele uitstappie Michellspas

Insluitend gedenktekens

23 Julie

ALGEMENE JAARVERGADERING

AUGUSTUS

TOER NA GRAAFF—REINET

30/7/2020—2/08/2020

OKTOBER

JUKSKEI TOERNOOI IN VENNOOTSKAP MET DIE ATKV

Nuwe Projekte vir Museum

⇒ GROET MEKAAR PROJEK
⇒ KLARA MAJOLA
⇒ JEUGPROGRAM
⇒ ANLGO BOEREOORLOG-120 JARIGE HERDENKING
⇒ VOORLEESPROJEK

TANKWA CAMINO STAPPE

29 Maart, 19 April, 9 Augustus

Ontvang stappers vanaf Calvinia– 256km

Bestuurslede: *Marthinus de Villiers, Archie van Biljon, Martie Dippenaar, Bertdene Laubscher*

" Lees is almal se saak"

Spreker:
Chareldine van der Merwe

18 Februarie 2020-
09:00—11:00

Deur ons voorleeswerkswinkel wil ons ouers, onderwysers en belangstellendes aanmoedig om 'n boekfluisteraar te word.

Deur vir kinders voor te lees, kan jy hulle lewenslange lesers maak, maar ook sorg dat hulle optimaal sal kan leer.

Kom woon die werkswinkel by saam met Chareldine van der Merwe van die *Vriende van Afrikaans* om saam te gesels oor maklike, kreatiewe maniere om ons kinders so vroeg as moontlik aan die wêreld van woorde en stories bloot te stel.

Bespreek jou plek by 023-3122045

In vennootskap met ATKV, Vriende van Afrikaans, Maudie Kriel kuiergroep en Togryers Museum

SOSIALE SAMEHORIGHEIDSPROJEK

"Groet mekaar"

Die projek sluit aan by die Togryers Museum se doelwit om vir alle bevolkingsgroepe 'n Tuiste te wees. Die projek wil dan buite die museum se perseel dit verder neem om sodoende sosiale samehorigheid tussen alle bevolkingsgroepe te verbeter.

Oor die afgelope aantal jare het die museum deur baie harde werk 'n instansie op Ceres geraak wat die vertroue van alle bevolkingsgroepe inboesem en bekend geraak het as n plek waar alle bevolkingsgroepe tuis is . Die projek wil hierdie vertrouensposisie gebruik om persone verder te beinvloed. Dit word verkry deurdat ons alle inwoners wil aanmoedig om mekaar, maar veral, vreemdelinge te groet.



Om te groet is n basiese beginsel wat bydra dat verskeie algemene waardes verder opgebou word . Die belangrikste is dat as jy n vreemdeling groet erken jy dat hy of sy vir jou belangrik is en sluit jy die persoon as n ware by jou groep in.

Die projek sal in Februarie afskop met die skep van 'n nuwe Ceres Facebook Groep waarin die gemeenskap 'n platvorm het waarop positiewe plasings oor persone en gebeure in Ceres en omgewing gedoen kan word.

Hierdie sal 'n voorloper wees vir die bekendstelling van die Groetprojek wat op 18 Julie, Mandela Dag, geloods sal word.

Hou dus die koerant en FB kommunikasie dop vir verdere inligting.